Sing vooraf: Psalm 121:1 (p. 608)

1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 86:1 (p. 431)

1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 19:4 (p. 83)

4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Skriflesing: Deuteronomium 32

Teks: Deuteronomium 32:1-5; Kategismus Sondag 3

Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond. Laat my leer drup soos die reën, my woord vloei soos die dou, soos reëndruppels op die grasspruitjies en soos reënbuie op die plante. Want die Naam van die HERE roep ek uit: Gee grootheid aan onse God! Die Rots – volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy. Hulle het verderflik teen Hom gehandel – die wat sy seuns nie was nie, maar hulle skandvlek – 'n verkeerde en verdraaide geslag.
(Deuteronomium 32:1-5 AFR1953)

Hierdie is Moses se afskeidsrede – sy swanesang.

Daar teen die voet van die berg Nebo het die gryse ou leier met die kerkvolk gepraat oor alles wat by God belangrik is.

- Eerste het hy die volk aangepraat om tog altyd aan God die grootheid te gee (v.3).
- Daarna wys hy die kerkvolk op die regverdigheid en trou van die Here (v.4).
- Vanweë die mens se aard kan dit nie anders nie; hy moet voortdurend herinner word aan sy sondes (v.5).

As ons nie hierdie dinge verstaan nie, is dit so dat ons sondes ons in selfgenoegsaamheid laat verval. Dit maak weer dat 'n mens nie sy eie sondeskuld verstaan nie – en vanself ook nie aan die Here die nodige eer gee nie.

Daarom is ons belydenis so opgestel dat 'n mens eers tot by die punt van eerlikheid moet kom waar hy sy sondes se ellendes goed moet verstaan voordat hy die Here se genade kan verstaan.

Alles – letterlik alles – gaan oor die eer van God die Here.

- Dis waarom hy die hele skepping – die hemel en die aarde en alles wat daarop is – geskape het. Dit moet Hom eer.
- Dis ook waarom Hy die mens gemaak het. Die doel van ons skepping is om Hom te eer.

Om by hierdie punt uit te kom dat 'n mens voor hierdie leer buig, moet jy baie klein en baie nederig word. Vanself is geen mens daar nie!

- Ons wil regte hê en ons wil eer en aansien en status en wat alles nog hê.
- Ons wil ook nie maklik voor iemand neerbuig en die minste wees nie.
- Die normale mens soek liewer verskuilde aanbidding in die erkenning wat hy kry as dat hy in totale afhanklikheid voor God neerbuig.

Dit is ook so dat mense hulleself al hoe meer ontwikkeld sien – en daarmee die openbaring van God bevraagteken en selfs verwerp.

- Dis inderdaad wat die satan in die oog gehad het toe hy vir Eva die versekering gegee het dat hulle soos God sou word as hulle teen sy gebooie in opstand kom.
- Van die sondeval af het daardie ding in alle mensgeslagte bly vassteek.

Dis waarom Moses in sy ouderdom vir sy volk gesê het:

> **Want die Naam van die HERE roep ek uit: Gee grootheid aan onse God!**

Hy het gesien waar gaan die ding met die opstandige kerkvolk heen.

- Hy het aan sy lyf deurgemaak dat hulle maklik agter enige god aanloop, solank dit net nie die Here is nie!
- Daarom roep hy uit: **Gee grootheid aan onse God!**

Moet nooit vergeet dat ons na die beeld van God geskape is nie.

- Ons liggame is tempels van God.
- Dit is sodat ons in staat is om Hom met liggaam en siel te vereer.

Ons sal ons roeping om God te verheerlik kan nakom wanneer ons sien hoeveel krake daar in hierdie tempel is waardeur die Here verheerlik moet word sodat dit voortdurend opgeknap kan word.

- Anders gesê: Wanneer ons ons sondige verdorwenheid besef, kan ons tot bekering kom en tot verheerliking van God leef.
- Die kragtige werk van God die Heilige Gees moet nooit onderskat word nie. God is in sy werking – dus ook in die werking van sy Gees – onbeperk. Hy kan enige sondaar uit sy onbekwaamheid laat opstaan deur bekering.

Die gelowiges maak inderdaad twee geboortes deur. Die Here Jesus het dit mos die nag vir Nikodemus gesê:

> **Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.** (Johannes 3:5 AFR1953)

- Die feit is dat ons in sonde gebore word uit 'n mens se liggaam.

- Maar die feit is ook dat daar ’n tweede geboorte is – ’n geboorte deur die Gees van God – wedergeboorte wanneer die Heilige Gees ons verander.

Die proses word wedergeboorte genoem omdat dit die mens uit ’n fisiese lewe uitlei en in ’n geestelike lewe laat ingaan.

> **Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.** (Johannes 3:6 AFR1953)

Mens sou die hele proses baie eenvoudig en plat kon stel deur te sê dat:

- iemand óf wedergebore word en daarmee ewig gelukkig is,
- óf hy is nie wedergebore nie en tot in die ewige lewe ongelukkig.

’n Gemeente wat eerlik is in hulle geloof, sal mekaar voortdurend in die gebed aan die werking van God die Heilige Gees opdra.

- In die gebed bid ons dan dat die Heilige Gees elke lidmaat in die gemeente daagliks in ’n nuwe geloofslewe inlei,
- en, vanselfsprekend, dat hierdie nuwe lewe daagliks in ons lewe tot volle ontplooiing kom.

Onthou u nog wat die Here eenkeer lank terug van sy kerkvolk gesê het?

> **Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond. Laat my leer drup soos die reën, my woord vloei soos die dou, soos reëndruppels op die grasspruitjies en soos reënbuie op die plante. Want die Naam van die HERE roep ek uit: Gee grootheid aan onse God! Die Rots – volkome is sy werk; want al sy weë is strafgerigte; ’n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy. Hulle het verderflik teen Hom gehandel – die wat sy seuns nie was nie, maar hulle skandvlek – ’n verkeerde en verdraaide geslag.** (Deuteronomium 32:1-5 AFR1953)

Sulke sondaars kan net hulle geluk soek en vind in die Here hulle Skepper en Verlosser.

Kom ons kyk saam wat ons belydenis hiervan leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 3:

> ***Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?***
>
> ***Antwoord:*** *Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c).*
> *a) Gen 1:31. (b) Gen I:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3 2 Kor 3:18.*
>
> ***Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan?***
>
> ***Antwoord:*** *Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).*
> *(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3*
>
> ***Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?***
>
> ***Antwoord:*** *Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).*
> *(a) Gen 8:21;6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5;1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.*

Amen.

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 14-3:3 (nuut)

3 Staan altyd onbeweeglik vas, / omgord met waarheid, onbevrees;
geregtigheid as borsharnas / – laat Woorddiens julle skoene wees!
As skild neem die geloof / om brandpyl uit te doof,
verlossing om te weer, / om vir die kop te keer.
En neem die Woordswaard van die Gees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 13 Maart 2011